


# DIE SEKSUALITEIT VAN *SINGLE-WEES*

Daar is mense wat nie kan trou nie omdat hulle van hulle geboorte af so is, ander is deur mense so gemaak, en ander het self so gekies ter wille van die koninkryk van die hemel. 'Wie dit kan doen, laat hy dit doen.' Matteus 19:12 NV

## Aanvaar jou omstandighede

**Filippense 4:13** Bdskp
Vir alles in die lewe, die goeie of die slegte, sien ek kans, omdat Jesus my bron van krag is.
**Jeremia 29:28** Bdskp
Jeremia het vir ons in Babel 'n brief gestuur waarin hy sê dat ons lank hier in die vreemde sal bly. Hy het gesê dat ons huise moet bou om in te bly. Verder moes ons ook tuine maak en eet wat daarin groei.

## Neem God se standaard aan

**1 Tessalonisense 4:3** Bdskp
God wil hê julle moet heilig lewe. Julle moet julle lewe voltyds aan Hom wy. Doen net wat Hy sê. Moenie deel hê aan seksuele sondes wat teen God se wil indruis nie.

## Ontwikkel gesonde verhoudings

**1 Petrus 1:22** Bdksp
Julle moet lojaal wees teenoor mekaar en mekaar help waar julle ook al kan. Julle luister nou nie meer na verkeerde dinge nie. Julle lewe nou mos graag soos God van julle verwag en volgens wat vir Hom reg is. Hy verwag dat julle in liefde lojaal teenoor mekaar sal wees, reg om mekaar te help en te dien wanneer dit ook al nodig mag wees. Julle moenie allerhande bymotiewe hê nie, maar moet opreg wees. God self het julle mos sy kinders gemaak.

*'Singleness may be unavoidable, but loneliness is an option.'*

## Gebruik jou vryheid

**1 Korintiërs 7:32-34** Bdskp
Ek wil nie hê dat julle julle onnodig oor allerhande dinge moet sit en kwel nie. As 'n mens byvoorbeeld ongetroud is, het jy baie tyd om aan die Here se dinge af te staan. Jy kan jou aandag daarop toespits om vir die Here te werk. As 'n mens egter 'n gesin het, is dit anders. Dan moet jy tyd afstaan om jou gesin te versorg. Jy moet jou vrou gelukkig hou. Hierdie man moet dan aan baie dinge gelyk dink en dit verdeel sy aandag. 'n Ongetroude vrou kan haar ook lekker toespits op wat vir die Here belangrik is. Haar doel is om met alles wat sy het vir die Here te leef. 'n Getroude vrou kan dit nie doen nie. Sy moet na haar gesin kyk en haar man versorg.

Ek word 'n dader van die Woord deur ...

Vir persoonlike gebed, gesprek, nagmaal of stiltetyd, besoek gerus die Klipkerk na afloop van die diens.

Manie Botha & Roelof Nel PM / 7 Augustus 2011

mosaïek®